

BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

8.1 INLEIDING

In hierdie slothoofstuk sal die bevindinge en gevolgtrekkings uit die voorafgaande studie kategorieë saamgevat word en sal daar uit hierdie bevindinge oorgegaan word om aanbevelings te maak om die breë lyne van 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys vir swaksiendes in die Republiek van Suid-Afrika neer te lê.

Daar sal gepoog word om aan te dui hoedat daar deur middel van 'n doeltreffende gedifferensieerde, beroepsgerigte opleiding van die swaksiendes verseker kan word dat aan hierdie leerlinge 'n toekomsprospektief wat as beroepsprospektief gesien moet word, verskaf kan word. Terselfdertyd kan daar verseker word, omdat hierdie jeugdige in ooreenstemming met hulle maksimum potensiaal tot die arbeidsektor kan toetree, dat hulle 'n betekenisvolle bydrae tot die verligting van die mannekragtekort van die land kan maak.

8.2 ALGEMEEN

Uit die navorsing wat onderneem is met betrekking tot die status quo van die onderwys van swaksiendes in die Republiek van Suid-Afrika en uit die bestudering van kontemporêre literatuur oor die problematiek van swaksiendheid en die onderwyspraktyke vir swaksiendes in oorsese lande, word dit onder andere duidelik dat die problematiek van swaksiendheid veel meer as net 'n aangeleentheid van somatiese gestremdheid is, omdat die visuele gebrek ook verreikende invloed op die swaksiende persoon se persoonstruktuur uitoefen.

As gevolg van die swaksiende kind se liggaamsbelemmering, kan gepostuleer word dat hy in 'n noodsituasie verkeer en dat sy verhouding met die werklikheid deur spanning en konflikte gekenmerk word. Ofskoon sy bestaan nouer begrens is as sy siende eweknie s'n, soek die swaksiende ook na sin in die

hede en die toekoms. Dit het veral geblyk dat die toekoms dikwels nie vir die swaksiende 'n verte is wat vol moontlikhede lok nie, maar eerder 'n beklemming, omdat dit ten nouste saamhang met sy beroepsmoontlikhede wat in die reël beperk is.

In hierdie daaglikse geworstel van die swaksiende om die sin en betekenis van sy wêreld te begryp, doen hy 'n besondere, stilswyende beroep op die onderwyser en die onderwys om hom te steun en om aan hom rigting te gee. Op alle vlakke van die onderwys, te wete die religieuse, die kulturele, en die maatskaplike, wil die swaksiende kind ook 'n volwaardige mens wees wat, ofskoon hy "anders" is, nie noodwendig "minder" wil wees nie.

Uit die oorsig van die verskillende onderwyspraktyke het dit ook geblyk dat die onderwys van swaksiendes nie noodwendig identies aan die gewone onderwys is nie, maar dat dit in 'n groot mate 'n patroon parallel aan die gewone onderwys van die land volg, of behoort te volg.

Met uitsonderinge soos die Verenigde State van Amerika, word die onderwys van swaksiendes in die reël in 'n meerdere of mindere mate in afsonderlike skole aangebied om te verseker dat daar langs hierdie weg in die onderwys 'n beter benutting van die swaksiende se gesigsres plaasvind en dat leerlinge wat as gevolg van hulle gesigsgebrek, as primêre gestremdheid, skolasties, psigologies en maatskaplik nie aan die gewone skole tereg kan kom nie, die nodige ortopedagogiese en ortodidaktiese hulp kan ontvang wat hulle van die onderwys vra. Vir hierdie besondere behoeftes van die swaksiende word daar grootliks voorsiening gemaak deur die spesiale dienste wat aan die skole vir swaksiendes bestaan.

Uit die verkenning van die plaaslike en oorsese onderwysstelsels en praktyke, is dit duidelik dat daar uiteenlopendheid bestaan, maar ook dat daar ooreenkomste in die verskillende lande is as gevolg van die universaliteit van die problematiek van swaksiendheid. Van die belangrikste ooreenkomste is dat die swaksiende kind self as die belangrikste

komponent in die onderwysituasie beskou moet word wanneer daar besin en beplan word vir differensiasie wat op die beginsel van die individuele aanleg, vermoëns en belangstelling van kinders berus. Soos wat daar in die gewone onderwys langs hierdie denklyne beplan word, moet dit op parallelle wyse vir die swaksiende geskied met 'n verdere bykomstige oorweging in gedagte, naamlik die diversiteit van oogkondisies wat onder die kategorie swaksiendheid voorkom.

Betreffende die psigologies-pedagogies-didaktiese implikasies van swaksiendheid, het dit onder meer uit die ondersoek duidelik geword dat navorsers telkens die vae toekoms-perspektief van die swaksiende beklemtoon het en dat hierdie dubieuse toekoms-perspektief direk verband hou met die swaksiende se moontlikhede om tot die beroepsektor toe te tree.

Op hierdie vlak lê dus die mees primêre uitdaging aan die ortopedagoog en die onderwysbeplanner. Om aan die swaksiende 'n gebalanseerde beroepsperspektief te gee, is die onderwys geroepe om benewens die algemene vorming ook aan die swaksiende doeltreffende gedifferensieerde beroepsgerigte opleiding te verskaf met inagneming van sy aanleg, vermoëns en gestremdheid. Langs hierdie weg kan daar verseker word dat die swaksiende met sukses en volgens sy potensiaal tot die ope arbeidsektor kan toetree en dat die onsekere beroepstoe-koms van die swaksiende plek maak vir 'n blye toekomsverwagting.

8.3 BEHEER EN ORGANISASIE VAN DIE ONDERWYS VAN SWAKSIENDES

8.3.1 Bevindinge en evaluering

Uit die ondersoek is dit duidelik dat daar vandag in opvoedkundige kringe aanvaar word dat as die voor- en nadele van verskillende vorme van onderwysorganisasies vir swaksiendes, te wete, integrasie in die gewone skool en segregasie, teen mekaar opgeweeg word, dan kan die mees doeltreffende onderwys vir die swaksiende leerling slegs aan 'n afsonderlike skool bewerkstellig word.

Die rede waarom volledige segregasie in die onderwys van swaksiendes verantwoordbaar is, word as volg uit die ondersoek gemotiveer:

1. Medies

'n Spesiale mediese program word by afsonderlike skole vir swaksiendes geïntegreer, waar die deeltydse oftalmoloë die skole weekliks besoek om mediese aandag aan die oogprobleme van die leerlinge te skenk, voorskrifte vir brille te verskaf of selfs operasies uit te voer.

Hierdie oftalmoloë bring ook tyd binne die klaskamer deur om gesigsprobleme van die kinders met die onderwysers in die klassituasie te bespreek en om hulleself te oriënteer om pedagogies te dink.

Daar word dus tot die gevolgtrekking gekom dat binne die organisasie van die gesegegreerde skool die oftalmoloë en onderwysers as 'n span saamwerk wat 'n studie maak van die wyse waarop die gesigsgestremtheid en die besondere oogkondisie die kind in die klassituasie beïnvloed en welke korrektiewe aanpassings die onderwyser moet maak.

Segregasie in die onderwys van swaksiendes is verder medies verantwoordbaar as daar in aanmerking geneem word dat die oogklinieke aan afsonderlike skole vir swaksiendes oor gespesialiseerde toerusting en apparaat soos die elektroretinograaf, spleetlamp, toetskaarte, oftalmoskoop, tonometer, en so meer, beskik, wat nie aan gewone skole bestaan nie. Hierdie apparaat word daagliks in die skole vir swaksiendes gebruik.

Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat dit finansieel buite die vermoë van onderwysowerhede sal val om al hierdie noodsaaklike, gespesialiseerde medies-optiese dienste aan gewone skole vir enkele swaksiende leerlinge daar te stel.

2. Opvoedkundig en maatskaplik

Die bewering dat die swaksiendes aan 'n afsonderlike skool in algehele isolasie verval, hou nie steek nie. Aan die gewone skool is die swaksiende leerlinge té dikwels van

opvoedkundige ekskursies uitgesluit, of moet hulle op die "rand" langs beweeg.

In die spesiale skool, met die besondere kennis en gesindheid van die onderwysers aangaande die swaksiende kind se probleem, word hy makliker in alle skoolse bedrywighede betrek, kan hy hom ten volle uitlewe en vind hy emosionele stabiliteit.

Dit het uit die ondersoek geblyk dat in die moderne skool vir swaksiendes, in besonder in die R.S.A., daar voortdurend en doelbewus gepoog word om die leerlinge in gereelde kontak met die maatskappy buite die skool te bring deur middel van debatsverenigings, musiekkonserte, oueraande, koorkompetisies, toneelopvoerings, sport, uitstappies en so meer. Die swaksiende verkeer ook op kulturele en sportgebied saam met sy maats en sy eie groep.

In die didaktiese situasie het die onderwyser die gespesialiseerde kennis van die swaksiende se probleem om die nodige aanpassing te maak met betrekking tot die metodiek en tegnieke in die onderwysaanbieding en die implementering van onderwys hulpmiddels. Hier, saam met sy maats, word die "andersheid" van die swaksiende nie so skerp beklemtoon soos in die klas saam met normaalsiendes nie, waar dit tot 'n gevoel van "minder wees" kan lei.

In die afsonderlike skool vir swaksiendes word daar vir die onderwysbehoefte van die kind grootliks op individuele vlak voorsiening gemaak. Dit is prakties moontlik omdat die klasgroepe aan die skool vir swaksiendes veel kleiner as aan die gewone skool is.

In verband met die integrasie van blindes en swaksiendes in dieselfde klas, was die bevinding in die R.S.A. en die oorsese lande dat ortopedagoë hulle deurgaans teen hierdie gebruik uitgespreek het.

By die blinde leerling word die gesigsvermoë in die onderwyssituasie vervang deur taktuele persepsie deur middel van braille, terwyl die swaksiende wel oor visuele vermoë beskik. Op grond van hierdie groot verskil en wat dit meebring,

word die twee kategorieë gestremdes in al die lande, met die uitsondering van die V.S.A., in ten minste die primêre afdelings van die skole geskei. Die bevinding was ook dat waar getalle dit prakties moontlik gemaak het, die twee groepe in die sekondêre afdeling ook geskei was terwyl in sommige skole die twee groepe nie in dieselfde skool onderrig ontvang het nie.

Uit die ondersoek moet daar noodwendig tot die konklusie gekom word dat onderwys nie vir albei kategorieë van gesigs-gestremdheid doeltreffend in dieselfde klaskamer aangebied kan word nie, want die gesamentlike onderwysaanbieding sal óf vir die blinde (taktueel) óf vir die swaksiende (visueel) ingestem wees. Die ondersoek het aan die lig gebring dat die onderwys in die reël in so 'n geïntegreerde klassituasie nie tot die volle voordeel van die swaksiende is nie.

Dit is dus 'n pedagogies onverantwoorde praktyk wat byvoorbeeld aan die Worcesterse Skool in die R.S.A. aangetref is, dat blindes en swaksiendes in die sekondêre afdeling in dieselfde klas saam onderrig word.

3. Spesiale dienste en rehabilitasie

Een van die sterkste argumente ten gunste van segregasie in die onderwys van swaksiendes word gemotiveer deur die bestaan van 'n spesiale voorligtings- en sielkundige afdeling aan die afsonderlike skole vir swaksiendes.

Die voltydse onderwyser-psigoloë (in België bekend as ortopedagoë), wat aan dié afdelings van die skole verbonde is, hou samesprekings met die onderwysers op die personeel, die koshuismoeders en ouers, neem toetse af, doen pedodiagnostisering, voer groeps- en individuele onderhoude met leerlinge en gee voorligting aan die leerlinge.

'n Besondere diens wat deur die voorligtingsafdeling in skole vir swaksiendes in die R.S.A. verrig word, is dat met die oog op die rehabilitasie van die swaksiendes, hulle bygestaan word om suksesvolle toetrede tot die beroepsektor te verseker. Hierdie gespesialiseerde diens, uitsluitlik vir swaksiendes, bestaan nie aan gewone skole nie.

4. Ortopedagogies

As Vliegenthart en andere se definisies van ortopedagogiek in oënskou geneem word, naamlik dat dit die praktyk van die buitengewone onderwys is en dat dit handel oor die onderwys en opvoeding van kinders wat beperk of gestremd in hulle pedagogiese ontwikkelingsgang is, dan kan die swaksiende alleen in ortopedagogiese perspektief geplaas word as hy in die praktyk tot so 'n afsonderlike skool toegelaat word waar hy die ortopedagogiese hulp kan ontvang.

In die praktyk is die ortopedagogiek 'n wye en hoogs gespesialiseerde werkgebied wat op 'n metodies-beplande wyse die beste tot sy reg kan kom aan 'n afsonderlike onderwysinstelling waar daar 'n ortopedagogiese "klimaat" aan die skool bestaan.

8.3.2 Aanbevelings

Daar word aanbeveel

- i. dat die status quo in die R.S.A. met betrekking tot die organisasie van die onderwys van swaksiendes in afsonderlike skole, behoue bly, aangesien alleen aan so 'n afsonderlike skool die nodige medies-psigologiese, skolas-tiese en pedagogiese geleenthede geskep en in stand gehou kan word om die mees doeltreffende onderwys aan die swaksiende te verseker;
- ii. dat waar swaksiende leerlinge nog saam met blindes in dieselfde klas onderrig ontvang, afsonderlike onderwysgeriewe so gou moontlik voorsien word omdat dit didakties-pedagogies 'n onverdedigbare en onverantwoorde praktyk is, waardeur albei kategorieë van die buitengewone onderwys skadelik is;
- iii. dat die vertikale organisasie van die skool vir swak-siendes soos volg ingerig word:
 - a. 'n Voorbereidende klas vir leerlinge wat nog nie vir die formele onderwys gereed is nie;
 - b. die tradisionele graad 1 tot standerd 4, as die primêre skool bekend sal staan, terwyl graad 1 tot standerd 1 as die junior primêre fase en standerd 2

tot standerd 4 as die seniorprimêre fase beskou sal word. Die eersgenoemde kleinkinderfase is die tydperk wanneer die kind met die formele onderwys kennis maak en waarop geleidelik uitgebrei word. Omdat die leerlinge gedurende hierdie fase (6-8 jaar) groot ooreenkoms en eenvormigheid ten aansien van die fisiese, sosiale en intellektuele ontwikkeling toon en hulle belangstellings grootliks op dieselfde vlak lê, is dit 'n sinvolle groepering met die oog op opvoedkundige en onderwysdoeleindes.

Die tweede primêre skoolfase (standerd 2 tot standerd 4 (9-11 jaar)) wat ook as die kinderfase beskou word, is 'n natuurlike groepering van leerlinge wat gedurende hierdie fase groot eenvormigheid toon betreffende fisiese, sosiale, intellektuele ontwikkelingspeil en gemeenskaplike belangstelling.

Die voorafgaande, voorgestelde skoolgrense toon groot ooreenkoms met die beproefde Nederlandse primêre skoolfase (Basisonderwijs) en in die besonder met die laer afdeling van die Volksschule in Wes-Duitsland wat as die Grundschule bekend staan. In Berlyn, Bremen en Hamburg bestaan die primêreskoolfase ook uit ses klasse.

- c. Standerds 5, 6 en 7 vorm die junior sekondêre skoolfase, wat ongeveer die ekwivalent van die Nederlandse Middelbare Algemene Voortgesette Onderwys (MAVO) is, terwyl dit in Wes-Duitsland as die "Oberstufe" of "Hauptschule", wat die boonste vlak van die Volksschule is, bekend sal staan.
- d. Standerd 5 dien as 'n verkenningsjaar, observasiejaar, brugjaar en oriëntasie tydperk, ten einde die oorgang van die primêre na die sekondêre skool 'n geleidelike "deurstroming" te maak wat vir die leerling die mins moontlike skolastiese en psigologiese ontwrigting sal veroorsaak. Dit stel die leerlinge ook in staat om met groter sekerheid 'n sekondêre onderwysrigting te kies wat op duidelik gedifferensieerde patroon ingerig is.

Bogenoemde praktyk is 'n besonder betekenisvolle aspek van die onderwysorganisasie in Nederland en Wes-Duitsland.

- e. Standerds 8, 9 en 10 vorm die senior sekondêre skool=fase en stem ooreen met die Hoër Algemene Voortgesette Onderwys in Nederland (HAVO), die Grammar School (General Certificate of Education) in Engeland en die senior sekondêre skoolfase in die nuwe onderwysbe=planning vir gedifferensieerde onderwys in die gewone skool in die R.S.A.

Onderwys in hierdie fase sal nie minder vormend as in die vorige skoolfase wees nie, maar daar sal 'n klemverskuiwing wees van die algemene vorming na beroepsvoorbereiding. Die uiteindelijke beroepsbe=oefening van die swaksiende sal gedurende hierdie onderwysfase in die besonder oorweging geniet wanneer daar op studiekursusse besluit word.

- f. Gedagtig aan die langsame tempo waarteen die swaksiende as gevolg van 'n beperkte taal- en leesvermoë werk, moet daar in die praktyk ernstige oorweging aan ge=skenk word om vir die leerlinge wat dit verkies, die laaste twee jaar van die senior sekondêre skoolfase se kurrikulum oor drie jaar te versprei.

- g. Leerlinge wat die einde van hulle skoolplig bereik na standerd 7 of 8, moet die geleentheid gebied word om vir 'n addisionele jaar die skool by te woon met die oog op verdere beroepsoriëntering, beroepsvoorberei=ding en spesialisering.

In België word die 3 jaar wat die laer sekondêre beroeps=kursusse in die gewone onderwys duur, vir die swaksiende oor 4 jaar versprei, met 'n addisionele jaar vir "finaliteit", dit wil sê vir afronding. Leerlinge kan selfs hierna nog 'n ver=dere jaar op skool aanbly met die oog op "spesialisasie" in 'n spesifieke beroepsrigting. Hierdie praktyk is sinvol en werp goeie vrugte af. Na analogie hiervan behoort swaksiende leer=linge in skole in die R.S.A. ook die geleentheid te kry om vir ten minste een jaar ná skoolpligbeëindiging na die skool vir swaksiendes terug te keer.

8.4 KRITERIA VIR SWAKSIENDHEID EN DIE TOELATING VAN LEERLINGE TOT 'N SKOOL VIR SWAKSIENDES

8.4.1 Bevindinge en evaluering

- i. Uit die ondersoek het dit duidelik geword dat in die verskillende lande wat in oënskou geneem is, daar nie uniformiteit betreffende die begrip swaksiendheid bestaan nie en dat die kriteria wat aangewend word wanneer daar beslis moet word of kinders tot skole vir swaksiendes toegelaat moet word, dikwels van land tot land verskil.
- ii. Wat betekenisvol is, is dat ortopedagoë dit grootliks eens is dat 'n kriterium vir swaksiendheid nie op mediese oorwegings en visussyfers alleen moet berus nie, maar dat psigo-pedagogiese oorwegings 'n belangrike faktor is wanneer leerlinge vir toelating tot die onderwys van swaksiendes oorweeg word.
- iii. As gevolg van die leemtes wat daar tot nog toe in die Suid-Afrikaanse kriterium vir swaksiendheid bestaan het, naamlik dat dit té numeries gebonde is, is daar aanduidinge dat daar nog kinders op die gewone skool is, wat as gevolg van hulle visuele probleme, skolasties nie kan vorder nie. Ofskoon daar nie 'n amptelike kriterium vir swaksiendheid neergelê was nie, het 'n opname wat deur die R.G.N. vir 'n interdepartementele komitee gedoen was,¹ hierdie moontlike getal swaksiende kinders aan gewone skole in 1970 op 1 219 gestel.
- iv. Die begrip swaksiendheid blyk uit die ondersoek 'n versamelnaam te wees, wat 'n wye veld van visuele probleme kan insluit. Daar is vele veranderlike faktore mee gemoeid soos onder meer die diverse fisiese faktore in verband met die verskillende oogkondisies, die wye spektrum van gesigskerptes en anomalieë, die ouderdom waarop die gesigsgebrek intree, die prognose van die oogkondisie, psigiese faktore wat met die persoon=

1. R.S.A., Departement van Nasionale Opvoeding. Verslag van die Komitee van Ondersoek na die uitbreiding van onderwysgeriewe vir blanke blindes in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika, 1970, Tabel IV.

struktuur saamhang, die invloed wat die gesigsgebrek op die persoon uitoefen en die eise wat die maatskappy aan die swaksiende stel, waardeur hy soms verplig word om voor te gee dat hy beter sien as wat werklik die geval is. Ten slotte is daar die belangrike faktor in verband met swaksiendheid wat nie uit die oog verloor mag word nie, naamlik wat die besondere individu met sy oorblywende gesig vermag, dit wil sê hoe maksimaal hy sy gesigsres benut.

- v. As gevolg van hierdie bogenoemde faktore, kon daar gedurende die ondersoek nie 'n bevredigende definisie of omskrywing van swaksiendheid gevind word nie, en waar daar pogings aangewend was om swaksiendheid te definieer of te omskryf, was dit gevind dat in hierdie "definisie" daar reeds sekere kriteria ingebed lê.

Volgens die Nederlandse ortopedagoog Oost, bestaan daar in hierdie jong vertakking van die onderwys 'n verbysterende verskeidenheid van beskouinge oor die vraag wat presies 'n swaksiende is en hoe die onderwys aan swaksiendes daar moet uitsien.²

8.4.2 Aanbevelings

Daar word aanbeveel

- i. dat vir die doel van hierdie ondersoek en wanneer daar na swaksiende kinders in die R.S.A. verwys word, dit in die eerste plek, en in wye mediese konnotasie, sal gaan om skolasties-opvoedbare, skoolpligtige kinders wie se PRIMÊRE gestremdheid, tydelik of permanent, 'n gesigsbelemmering is wat te wyte is aan die gevolge van een of meer van die oogkondisies wat aan die oftalmologie bekend is.
- ii. dat vanuit orto-pedagogiese perspektief dit hier gaan oor leerlinge soos hierbo genoem, met "normale" intelligensie, wat as gevolg van die gesigsgebrek sodanig visueel en/of in hulle persoonstruktuur gestremd is dat

2. Oost, P.S.N. Prins Alexander Stichting, Jaarverslag 1965-1966, p.20.

hulle nie in staat is om hulleself óf skolasties óf psigologies óf sosiaal-maatskaplik aan die gewone skool te oriënteer nie en gevolglik op ortopedagogiese en ortodidaktiese hulp aangewys is, wat die beste aan 'n afsonderlike skool vir swaksiendes aangebied kan word;

- iii. dat met die oog op toelating tot 'n skool vir swaksiendes (oftalmologies en optometries beskou) die numeriese kriterium 6/60 Snellen tot 6/18 Snellen na korreksie, indien moontlik, as 'n aanduidende syfer vir ver-visie sal geld. Die kategorie 6/18-kinders wat 'n duidelike progressiewe oogdefek het, word by hierdie toelatingsgroep ingesluit as gevolg van die feit dat hierdie leerlinge, in die reël redelik gou wel kandidate vir die skool vir swaksiendes sal wees en dan met waarskynlike skolastiese agterstand;
- iv. dat swaksiende leerlinge in die kategorie 6/60 Snellen na korreksie, indien moontlik, wat aan ernstige oogprobleme ly (byvoorbeeld makulêre degenerasie) en gevolglik 'n groot moontlikheid van verdere verswakking van die gesig het, reeds by toelating na braille-onderdig gekanaliseer word, aangesien die praktyk geleer het dat hierdie leerlinge selde hulle onderwysloopbaan deur middel van visuele onderrigmetodes voltooi. Op 'n later stadium moet hierdie leerlinge dikwels met groot skolastiese en emosionele ontwrigting na braille-onderdig oorskakel.
- v. dat verdere ondersoek ingestel word om vas te stel of leerlinge wat nie gewone druk met optiese hulp as studiemedium kan gebruik nie, nie braille as 'n verpligte vak moet neem om grootdruk te vervang nie.
- vi. dat benewens die vervisietoets volgens die Snellenskaal, daar ook 'n nabyvisietoets volgens die Near Vocational Vision Test Type (N-skaal) sal geskied, wanneer leerlinge oorweeg word vir toelating tot die skool vir swaksiendes;
- vii. dat daar by die oorweging van indiwiduele aansoeke om toelating van leerlinge wie se gesigskerpte buite

bogenoemde kriteria val, nie op rigide wyse van die numeriese kriteria, soos hierbo uiteengesit, gebruik gemaak sal word nie, maar dat oorweging geskenk sal word aan faktore soos die opvoedbaarheid van die leerling, prognose van die oogkondisie, verlies van gesigsveld, soos aansienlike sentrale en/of periferiese gesigsverlies, ontoereikende binokulêre gesig en bykomstige stremmende faktore soos hoëgraadse miopie, nystagmus, strabismus, kleurblindheid en so meer;

- viii. dat in die laaste instansie daar by keuring van 'n leerling vir 'n skool vir swaksiendes vanuit 'n psigologies-pedagogiese standpunt besluit word of dit in die leerling se belang is dat hy tot 'n skool vir swaksiendes toegelaat word. Vir hierdie doel moet daar groot waarde aan die diskresie van die skoolhoof vanwaar die leerling kom, die skoolhoof van die skool vir swaksiendes en die mediese en sielkundige getuienis geheg word;
- ix. dat vir die doel van hierdie ondersoek en vir die beplanning van onderwys vir swaksiendes, van die standpunt uitgegaan word dat die swaksiende 'n siende is, wat tot sodanige visuele en skolastiese prestasie gebring moet word dat hy in die maatskaplike verkeer sy plek kan vind;
- x. dat oorweging geskenk sal word aan die oprigting van ouerklinieke soos wat deur die Royal National Institute for the Blind in Engeland geïmplementeer word en wat as "Parent Units" bekend staan. Hierdie klinieke is nie noodwendig medies georiënteer nie, maar het as taak voorligting aan die gesinslede van swaksiende kinders;
- xi. dat met die oog op vroeë opsporing van swaksiende kinders daar deur die Departement van Nasionale Opvoeding deur middel van openbare kommunikasiemedia die nodige voorligting aan ouers sal geskied om hulle te oorreed om alle kinders op 2/3-jarige leeftyd en weer op 5-jarige ouderdom aan 'n deeglike oogondersoek by oogklinieke te onderwerp. By die eerste toelating tot 'n kleuterskool behoort 'n oogondersoek 'n verpligte roetine-aangeleentheid te wees.

8.5 DIFFERENSIASIE EN BEROEPSGERIGTE ONDERWYS VIR SWAKSIENDES

8.5.1 Bevindinge en evaluering

Uit die oorsig van die huidige stand van die onderwys aan swaksiendes in die R.S.A. en die oorsese lande wat in die ondersoek betrek is, kan die volgende afleidings gemaak word met betrekking tot die inhoudelike van die onderwys aan swaksiendes:

- i. Die inhoud van die onderwys vir swaksiendes hang ten nouste saam met die gewone onderwys en enige onderwysbeplanning vir swaksiendes berus op die bestaande amptelike onderwysbeleid vir en onderwyspraktyk in die gewone onderwys.
- ii. In die R.S.A. berus die inhoud van die onderwys vir swaksiendes op sekondêre vlak op die kurrikula en sillabusse van die Departement van Nasionale Opvoeding en toon 'n oorwig van akademiese georiënteerdheid met die oog op tersiêre studie soos in die gewone onderwys, maar waarby weinig swaksiende leerlinge uiteindelik uitkom.
- iii. Sedert 1969 gaan daar reeds stemme van hoofde van skole vir swaksiendes op dat daar gedifferensieer moet word, nie slegs met betrekking tot die keusevakke in skole vir swaksiendes nie, maar veral met betrekking tot breër studierigtings, sodat diegene wat akademies nie kan presteer nie, die geleentheid gebied kan word om op ander terreine hulle plek vol te staan.
- iv. Gedifferensieerde onderwys wat voorsiening maak vir gedifferensieerde kurrikula, sillabusse en studierigtings is reeds 'n voldonge feit in die gewone onderwys as gevolg van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet no. 39 van 1967, Artikel 2(1)(f), wat onder meer bepaal dat onderwys aangebied sal word ooreenkomstig die bekwaamheid, aanleg en belangstelling van die leerlinge. Gesien in die lig daarvan dat die onderwys aan swaksiendes die patroon van die gewone onderwys volg, het differensiasie op dieselfde grondslag ewe-eens noodsaaklik

geword vir die swaksiendes. As gelykwaardige en gelykberegtigde mens, maak die swaksiende kind aanspraak op gelyksoortige, ofskoon nie identiese onderwysgeleentheid, wat ook rekening hou met sy besondere bekwaamheid, aanleg, belangstelling en sy bykomstige somatiese gestremdheid.

- v. Alle skoolvakke het vormende waarde en alle onderwys is vormende of opvoedende onderwys om die kind te lei na volwassenheid en daar moet in die eerste instansie vir die swaksiende kind se onderwys en opvoeding op hierdie vlak voorsien word, soos vir die normaalsiende. Dit is egter 'n onbetwisbare feit dat alle vakke nie dieselfde vormende waarde het nie, terwyl daar skoolvakke is met 'n feite-inhoud wat die onderwys beter in staat stel om meer direk en spesifiek kennis aangaande die religieuse, die staatsburgerlike, die intellektuele en kulturele werklikhede ter beskikking van die leerlinge te stel. Sekere vakke sal dus as 'n kernkurrikulum vir alle swaksiendes verpligtend moet wees.
- vi. Uit die ondersoek het dit geblyk dat daar hier te lande en oorsee in die jongste jare 'n belangrike klemverskuiving plaasgevind het, van algemene onderwys na meer beroepsgerigte onderwys in die sekondêre skool. Gedifferensieerde onderwys, in besonder kurrikula en sillabusse, sal dus nie alleen op grond van die swaksiende leerlinge se aanleg, belangstelling en vaardighede berus nie, maar dit sal ook die swaksiende leerlinge van kennis en vaardighede moet voorsien wat vir hulle naskoolse beroepsopleiding of beroepsbeoefening belangrik is. Daar sal dus vakkombinasies moet wees wat op spesifieke beroepsrigtings dui.
- vii. Dit het uit die ondersoek geblyk dat die huidige onvoldoende beroepsopleiding van die swaksiendes een van die primêre oorsake is dat daar in die beroepsektor 'n groot mate van vooroordeel ten aansien van die dienste van die swaksiende jeugdige bestaan, wat lei tot onderbenutting van hierdie leerlinge se potensiaal en 'n verkwisting van mannekrag en kapitaal.

Die beroepsopleiding vir swaksiendes in die R.S.A. was tradisioneel onvolwaardig omdat elementêre tegniese skoling aan die Prinshofskool vir Swaksiendes, slegs as 'n werksoriëntering beskou kan word. Tans vind daar verdienstelike nuwe beplanning vir tegniese onderwys aan die Prinshofskool plaas.

Aan die Skool vir Blindes te Worcester is daar 'n stigma aan die beroepsafdeling verbonde omdat slegs dié leerlinge wat akademies uitval, tot die beroepsafdeling toegelaat word.

Vir sowel die normaalbegaafde as vir die verstandelik minder goed bedeelde swaksiende leerling, is die behoefte aan volwaardige beroepsgerigte onderwys veel groter as die verwerwing van akademiese kennis. Uit die studie van die oorsese onderwyspraktyke vir swaksiendes is dit bevind dat hierdie leerlinge 'n veel beter begin in die beroepswêreld het as hulle 'n basiese opleiding in die meganiese, klerklike, handels- of tegniese rigting het, as wanneer hulle 'n algemene akademiese onderwys sou deurloop het.

Gedurende die ondersoek in die R.S.A. is dit deur werkverskaffingsbeampies van die Departement van Arbeid gestel dat die leerlinge vir so lank 'n algemene opleiding gehad het, dat dit besonder moeilik is om hulle in 'n beroep geplaas te kry. Werkgewers is nie geneë om die swaksiende binne die beroep op te lei nie.

Alhoewel hierdie leerlinge deurentyd met sterk mededinging van die siende te doen kry, kan die swaksiende in die meeste gevalle tussen en saam met die siendes in beroepe geplaas word en kan hy hom ewe goed as sy siende eweknie van sy taak kwyd, mits hy doeltreffende opleiding ontvang het en die geleentheid gegee word om hom te bewys.

viii. Dit het uit die ondersoek duidelik geword dat die ideaal sou wees dat die swaksiende leerling, benewens sekere verpligte kernvakke wat hy behoort te neem met die oog op estetiese, sosiale, staatsburgerlike en religieuse

vorming, reeds op skool spesifieke beroepsopleiding ooreenkomstig sy aanleg en vermoë moet ontvang. Hierdeur sou sy kanalisering uit die skool in 'n beroep vergemaklik word.

- ix. Dit is bevind dat as gevolg van die relatiewe geringe voorkomssyfer van swaksiendheid in die R.S.A., daar in die praktyk beswaarlik vir so 'n klein leerlingtal die nodige gespesialiseerde en duur opleidingfasiliteite op verskillende sentra geskep kan word. Die gevolg is dat daar aan een of twee sentra in die land hoogstens breë tendense van beroepsgerigte onderwys met enkele spesifieke vakke van 'n beroepsaard oorweeg word. As gevolg van hierdie klein voorkomssyfer van swaksiendheid en die geografiese uitgestrektheid van die R.S.A., is dit nie moontlik om soos in die gewone onderwys in verskillende skole vir die swaksiendes te differensieer nie. Die komprehensiewe skool, wat vir verskillende gedifferensieerde studierigtings onder een dak voorsiening maak, bied 'n moontlike antwoord op die vraagstuk.
- x. Die primêre skool is uit hoofde van die plek wat dit beklee en die funksie wat dit vervul in die breë onderwysopset, nie slegs 'n verlengstuk en voortsetting van die voorskoolse opvoeding nie, maar dit is ook die aanloop tot die sekondêre onderwys. Dit dien verder as brug tussen die onopsetlike vorming van die kind tuis en die opsetlike vorming met die oog op voorbereiding vir aansluiting by die arbeidsbestel, wat op sekondêre vlak sal plaasvind.

Omdat die primêre skool se funksie dié van 'n basisskool is,³ waar die basiese vorming aan die hand van basiese kennisinhoud plaasvind, vloei dit voort dat op hierdie onderwysvlak daar nie gedifferensieer kan word ten aansien van studierigtings en kurrikula nie.

Dit is bevind dat differensiasie wat erkenning aan die diepgaande aard en uitgebreide omvang van individuele

3. Vgl. die Grundschule in Wes-Duitsland en die Basisschool in Nederland.

verskille tussen leerlinge op primêre onderwysvlak verleen, deurgaans geskied deur middel van differensiasie in aanbieding, verwerking, evaluering en die tempo waarteen die individuele leerlinge kan vorder, sowel as deur verryking en verdunning van die sillabus en ekstra werkvoorsiening.

Daar vind in die reël nie veel verdere interklasgroepeerings plaas nie omdat die klasse klein is en daar in 'n groot mate individuele onderrig kan geskied.

8.5.2 Aanbevelings vir die primêre onderwys

Daar word aanbeveel

- i. dat die kurrikulum van die primêre skool vir alle swak-siende leerlinge verpligtend sal wees en dat met die oog op die vorming wat die leerlinge op die primêre onderwysvlak behoort te ondergaan, asook ter wille van 'n gemaklike en sinvolle aansluiting by die beoogde sekondêre onderwysstelsel, die kurrikulumbepanners, by die voorskryf van vakke gebruik sal maak van die waardevolle ondervinding wat reeds in die bestaande onderwyspraktyk vir swak-siendes en die gewone onderwys in die R.S.A. opgebou is;
- ii. dat aangesien die skole vir swak-siendes op primêre vlak die kurrikula en sillabusse van die provinsiale primêre skole volg, daar noue skakeling tussen die Departement van Nasionale Opvoeding en die provinsiale onderwysowerhede sal wees met die oog op die verskaffing van gegewens aan skole vir swak-siendes betreffende die jongste ontwikkeling en beplanning op die gebied van kurrikula en sillabusse van die gewone primêre skool;
- iii. dat die kurrikulum van die primêre skool basies uit verpligte eksamenvakke sal bestaan wat onder andere vakke soos Moedertaal, tweede taal, Algemene Wiskunde of Rekenkunde, Geskiedenis, Aardrykskunde of Omgewingsleer en elementêre Natuurwetenskap sal insluit, sowel as verpligte nie-eksamenvakke soos onder meer Godsdiensoopvoeding, Liggaamlike Opvoeding, Kuns, Musiek, Sang, Handwerk, Voorligting en Jeugweerbaarheid;

iv. dat differensiasie hoofsaaklik op die gebied van die aanbiedingswyse deur elke onderwyser bewerkstellig word, deur rekening te hou met die ongelykheid en individuele andersheid wat daar tussen die leerlinge bestaan. Die aanbieding van voorgeskrewe kernleerstof aan minderbegeefde leerlinge moet geskied op 'n peil wat binne hulle bevatlikheidsvermoë is, en moet aanskoulik wees deur die inskakeling van optiese en ander onderwys hulpmiddele, terwyl die aanbieding aan die meer intelligente leerlinge op 'n hoër peil kan geskied en verrykingsmoontlikhede vir hulle daargestel word.

8.5.3 Aanbevelings vir die Sekondêre Onderwys

Daar word aanbeveel

- i. dat standerd 5, as die eerste jaar van die sekondêre skoolfase, as 'n brug- en verkenningsjaar sal dien ten einde 'n skokvrye oorgang vanaf die primêre na die sekondêre skoolfase te bewerkstellig;
- ii. dat vir leerlinge wat na standerd 5 nog nie georiënteerd is met betrekking tot 'n studierigting nie, in besonder met die oog op 'n studierigting op akademiese vlak, standerd 6 as 'n verdere verkenningsjaar dien en dat die skoolsielkundige-diens daadwerklik by die oriëntering van die leerlinge betrek word;
- iii. dat benewens keusevakke daar dwarsdeur die sekondêre skool 'n vormende kernprogram (kernkurrikulum) vir alle leerlinge verpligtend sal wees, wat onder andere die volgende nie-eksamenvakke sal insluit:
 - Godsdiensoopvoeding,
 - Liggaamlike Opvoeding, waarby buitemuurse aktiwiteite ingesluit is,
 - Kuns,
 - Musiek,
 - Sang,
 - Voorligting en Jeugweerbaarheid;
- iv. dat benewens die kernkurrikulum soos hierbo genoem, die volgende vakke as verpligte eksamenvakke vir standerd 5

aangebied word met die oog op oriëntering en verkenning: Moedertaal, tweede taal, Geskiedenis, Aardrykskunde, Algemene Wiskunde, Elementêre Natuurwetenskap, Tegnieëse oriëntering (Hout- en Metaalbewerking) vir seuns, Huis- houdkunde (Kookkuns en Naaldwerk) vir meisies en Handelsoriëntering vir seuns en meisies.

v. dat vanaf standerd 6 daar 'n duidelike differensiasie in beroepsgeoriënteerde studierigtings sal wees met behoud van die genoemde vormende kernkurrikulum. Die volgende gedifferensieerde studierigtings word voorgestel:

a. Algemeen akademies (Natuurwetenskaplik en Geesteswetenskaplik)

1. Junior Sekondêre Skoolfase

In die Junior sekondêre skoolfase sal die kurrikulum uit die voorafvermelde verpligte vormende program bestaan plus die volgende verpligte eksamen- vakke vir alle leerlinge:

Afrikaans (Hoër- of Laergraad)

Engels (Hoër- of Laergraad)

Geskiedenis

Aardrykskunde

Algemene Wiskunde

Derde taal

Fisiologie

Algemene Natuurwetenskap

Nie-eksamenvak

Hout- en Metaalwerk vir seuns

Naaldwerk en Huishoudkunde vir meisies.

2. Senior Sekondêre Skoolfase

Afrikaans en Engels sal die enigste verpligte eksamenvakke wees en minstens vier en hoogstens vyf keusevakke sal benewens hierdie twee vakke aangebied word. Die vakkeuse sal bepaal in welke mate die studierigting natuurwetenskaplik of geesteswetenskaplik georiënteerd sal wees.

Keusevakke

Geskiedenis

Aardrykskunde

Wiskunde
Natuurwetenskap
Fisiologie
Biologie
Musiek
Derde taal

'n Ander vak(ke) wat deur die Departement van Nasionale Opvoeding goedgekeur is.

b. Handelskursus (Akademies)

1. Junior Sekondêre Skoolfase

Benewens die kernkurrikulum word die volgende verpligte eksamenvakke vir alle leerlinge voorgestel:

Afrikaans
Engels
Rekeningkunde
Handel
Wiskunde
Tikskrif en Kantoorroetine
Handelsrekene
Derde taal
Nie-eksamenvak
Hout- en Metaalwerk vir seuns
Huishoudkunde en Naaldwerk vir meisies

2. Senior Sekondêre Skoolfase

Verpligte eksamenvakke

Afrikaans
Engels

Keusevakke

Vier, maar hoogstens vyf vakke uit die volgende groep:

Derde taal
Rekeningkunde
Handel
Ekonomie
Tikskrif
Kantoorroetine
Wiskunde of Handelsreg of Handelswiskunde

of Rekenoutomaatwiskunde

Handelsrekenere

'n Vak(ke) deur die Departement van
Nasionale Opvoeding goedgekeur.

c. Tegniese Studierigting (Normaalbegaafd)

1. Junior Sekondêre Skoolfase

Benewens die verpligte kernkurrikulum word die
volgende eksamenvakke vir alle leerlinge voorgestel:

Afrikaans

Engels

Wiskunde

Algemene Natuurwetenskap (Skeinat)

Tekene

Werkwinkelteorie en -praktyk

'n Vak(ke) deur die Departement van
Nasionale Opvoeding goedgekeur en voorgeskryf.

2. Senior Sekondêre Skoolfase

Die volgende kurrikulum word voorgestel:

Afrikaans

Engels

Wiskunde

Natuur- en Skeikunde

Masjientekene of Boutekene

Werkwinkelteorie en -praktyk of

Toegepaste Meganika

'n Ander vak(ke) wat deur die Departement
van Nasionale Opvoeding goedgekeur is of mag
voorgeskryf word.

d. 'n Praktiese beroepsrigting vir seuns vanaf standerd
6 of vroeër

In hierdie kursus word daar nie tussen 'n junior en
senior sekondêre skoolfase onderskei nie, aangesien
die kursus op standerd 8-vlak eindig. Die volgende
kurrikulum word voorgestel:

1. Die kernkurrikulum is verpligtend vir alle leer-
linge.

2. Verpligte eksamenvakke

Afrikaans

Engels

Algemene Wiskunde

3. Ambagsteorie en Werkwinkelpraktyk en elementêre Tekene ten opsigte van een van die volgende praktiese vakrigtings:

Timmermanswerk (Skrynwark of Winkeluitrusting)

Meubelmakery

Sweis- en Metaalbewerking

Loodgieters- en Plaatmetaalwerk

Montasiewerk (metaal en/of hout)

Motorbakherstelwerk

Pas- en draaiwerk

Motorwerktuigkunde

Elektrisiën

Radiotrisiën

Stoffeerwerk en Bekleding

Skilder en dekoreerwerk

Banketbakkery

Vormgietery

Herstel van huishoudelike toerusting

Steenmessel en Pleisterwerk

Haarkappery

Telefonie

Boekbindery

Ander goedgekeurde vakrigtings.

By die aanbieding van die voorafgaande praktiese studierigtings moet die individuele oogkondisies van die leerlinge steeds in gedagte gehou word terwyl daar in die praktyk rekening gehou moet word met bestaande of moontlike opleidingsfasiliteite.

Omdat dit nie in die praktyk moontlik sal wees om opleiding in al die diverse beroepsrigtings vir so 'n klein groepie leerlinge aan te bied nie, behoort daar oorweging aan geskenk te word om die Europese praktyk in die verband te volg, naamlik om waar dit wel bestaan van die opleidingsfasiliteite van nabygeleë institute gebruik te maak. Leerlinge gaan

vir 'n sekere aantal ure per week onder begeleiding van 'n onderwyser of instrukteur van die skool vir swaksiendes na die werkwinkels van 'n nabygeleë tegniese skool of tegniese instituut vir onderrig in werkwinkelpraktyk.

e. 'n Praktiese beroepskursus vir meisies vanaf standerd 6 of vroeër

Daar word voorgestel dat daar vir swaksiende meisies 'n praktiese beroepskursus vanaf standerd ses of vroeër ingestel word wat benewens die vormende kernkurrikulum en die twee amptelike tale, 'n kombinasie van drie of vier (volgens die oordeel van die skool) van die volgende vakke sal insluit en op standerd 8-vlak sal eindig:

Kookkuns en Huisbestuur

Naaldwerk en Kleremakery en Tekstielversorging

Moederkunde en Gesondheidsvoorligting

Besigheidsmetodes

Kuns (prakties)

Musiek (Prakties)

Tikskrif (Prakties)

Huisvlyt

Diktafoontik

Kantoorroetine en Sekretariële werk

Handels- en Algemene Korrespondensie

Telefonie

Die laasgenoemde twee prakties-georiënteerde beroepskursusse, die een vir seuns en die een vir meisies, sal op 'n standerd 8-vlak eindig, maar leerlinge moet toegelaat word om vir 'n "finaliteitsjaar" terug te kom skool toe met die oog op afronding van die kursus, of vir spesialisering in 'n spesifieke vak soos telefonie. Hierdie voorgestelde kursusse is 'n parallel van die laer sekondêre beroepsonderwys wat vir alle swaksiendes in België aangebied word.

vi. dat met die oog op die verskille in aanleg en vermoëns van leerlinge in die voorgestelde geesteswetenskaplike, natuurwetenskaplike, akademiese, handels- en tegniese

studierigtings, dit wil sê vir leerlinge wat die meer teoretiese studierigtings volg, daar verder in die sillabusse van die vakke, wat hulle daartoe leen, ge-differensieer sal word.

Vir hierdie doel behoort 'n vak op meer as een vlak of niveau aangebied te word, te wete 'n standaardvlak, gevorderde vlak en 'n praktiese vlak. Dit is 'n algemeen erkende feit dat drie leerlinge byvoorbeeld aldie 'n aanleg en 'n belangstelling in 'n elektrotegniese rigting mag toon, maar dit nie ewe ver op die besondere vakgebied sal bring nie. Die moontlike elektrotegniese ingenieur sal meer opgaan in die teoretiese, abstrakte, gevorderde wiskundige begronding, terwyl 'n tweede een dit sover as die tegnikusvlak sal bring en die derde een as elektrisiën meer op die elementêr-praktiese aangewys is.

Vir hierdie verskille in vermoëns word daar deur die verskillende vlakke van onderrig voorsiening gemaak.

Voorts word aanbeveel dat leerlinge toegelaat word om soveel vakke as waartoe hulle in staat is op die gevorderde vlak te neem, al sou dit selfs een vak wees. Hierdie praktyk om leerlinge toe te laat om verskillende vakke op verskillende vlakke of niveaus te neem en om die leerlinge daarvolgens te groepeer, staan bekend as kruisgroepering (Eng. - setting) en is pedagogies verantwoordbaar in 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys;


- vii. dat met die oog daarop om aan leerlinge voorligting te gee ten aansien van 'n studierigting en beroepsrigting wat in ooreenstemming met hulle aanleg, belangstelling en bekwaamheid is, daar van die volgende kriteria gebruik gemaak sal word:
- a. psigometriese gegewens verkry deur middel van intelligensie-, aanleg-, bekwaamheids-, skolastiese, handvaardigheids-, belangstellings- en persoonstruktuurondersoeke;
 - b. skoolprestasie, veral gedurende die verkenningsjaar;

- c. ouer- en leerlingkeuse;
- d. mediese verslag;
- e. die besondere oogkondisie van die leerling.

TABEL 8.5.4

GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS VIR SWAKSIENDES SKEMATIES VOOR-
GESTEL

NA DIE TERSIËRE ONDERWYS OF NA 'N BEROEP



VOORBEREIDENDE KLAS

8.6 EKSAMINERING, BEVORDERING EN SERTIFIKAATUITREIKING

8.6.1 Bevindinge en evaluering

Uit die oorsig van die onderwys aan swaksiendes in oorsese lande was dit duidelik dat daar uiteenlopende praktyke bestaan betreffende evaluering en die bevordering van leerlinge tot 'n volgende klas of standerd.

Opvallend was dat daar in die lande wat in die studie betrek is, nie die oordrewe waarde aan die formele eksamen geheg word as wat die geval in die R.S.A. is nie.

Dit is bevind dat in al die lande daar wel periodieke interne kontrole van skolastiese prestasie plaasvind. Hierdie kontrole neem die vorm aan van mondelinge of geskrewe klastoetse, maandelikse toetse, kwartaaltoetse, semestertoetse of momentopnames. In sekere gevalle, soos aan die einde van die primêreskoolfase, word daar 'n oorgangseksamen afgelê.

Aan die einde van die skoolloopbaan van swaksiende leerlinge vind daar soos in die gewone onderwys 'n openbare eksamen plaas, byvoorbeeld vir die Certificate of Secondary Education en die General Certificate of Education in Engeland, die "Staatseksamen" in Nederland, die Gehomologeerde Diploma in België en die Mittlere Reife in Wes-Duitsland.

'n Betekenisvolle feit is dat daar met die oog op bevordering van leerlinge van een standerd na die ander, besondere waarde geheg word aan die "Gesamtbild" wat deur die personeel van die skool van 'n leerling opgebou is. Hierdie globale indruk wat die onderwysers oor 'n lang termyn van 'n leerling opbou moet noodwendig meer gewig dra as die prestasie wat 'n leerling op een moment gedurende 'n eksamen behaal. In besonder in die geval van die swaksiende wat teen 'n stadige tempo lees en skrywe, is die aflegging van 'n formele eksamen, met die gepaardgaande emosionele spanning, 'n "hinderniswedren".

Dit is deurgaans bevind dat waar 'n sertifikaat of diploma aan 'n leerling uitgereik word by die suksesvolle voltooiing van 'n studiekursus, hierdie dokument dieselfde is as vir die gewone onderwys en deur 'n sentrale onderwysower-

heid, en nie deur die skool nie, uitgereik word. Die skool mag wel die dokument opstel volgens 'n voorgeskrewe patroon, maar dit moet deur die onderwysowerheid geëndosseer word ten einde erkenning op nasionale vlak te verseker.

8.6.2 Aanbevelings

Daar word aanbeveel

- i. dat met die oog op evaluering van leerlinge se skoolwerkzaamheid en die bepaling of hulle die kennisstandaarde of bevoegdheid vir spesifieke skoolstanderds bereik het, die skole vir swaksiendes die geakkrediteerde status ontvang om self intern tot en met standerd 9 alle evaluering, eksaminering en bevordering van leerlinge op standaard, gevorderde en praktiese vlak te doen en dat met die oog op die uitreiking van sertifikate deur die departement aan leerlinge wat die skool verlaat, die skole die voorgeskrewe sertifikaat sal opstel en slegs aan die departement vir bekragtiging voorlê.³
 - ii. dat aan die einde van die senior sekondêre skoolfase, soos in die gewone onderwys 'n formele eksamen deur die swaksiende leerlinge afgelê sal word ten einde te verseker dat daar nie 'n stigma van minderwaardigheid aan die kwaliteit of standaard van die onderwys vir swaksiendes gekoppel word nie. Aan die eksamen moet egter die voorbehoud verbonde wees dat die vraestelle deur die skool opgestel word en die eksamen deur die skool self afgeneem word met moderering van die vraestelle en kontrole van die antwoorde deur die beherende onderwysdepartement om oor die standarde te waak.
 - iii. dat gedagtig aan die besondere tegniese probleme wat die skrywe van 'n formele eksamen vir die swaksiende inhou, byvoorbeeld die tempo waarteen hy lees en skrywe, die jaarpunt (Gesamtbild) wat deur die skool vir die
-
3. In Weenen, Oostenryk, beslis die skool vir swaksiendes welke leerlinge 'n sertifikaat verwerf. Die skool vul die amptelike blanko sertifikaat in en lê dit aan die departement voor vir ondertekening deur die bevoegde amptenaar.

leerling opgestel is en wat op die kumulatiewe kennis berus wat die personeel oor 'n lang termyn van die leerling opgebou het, die oorwig sal dra in die bepaling van die punt in die finale eksamen aan die einde van die sekondêre skoolfase en wel in die verhouding van 3:2.

In gevalle waar kandidate 'n slaag-jaarpunt het, maar 'n druipeksamenpunt behaal, moet daar eers konsultasie tussen die departement en die skool plaasvind om die moontlike oorsaak vas te stel en op moontlike kondonasie te besluit;⁴

- iv. dat oor die standarde van die onderwys van swaksiendes gewaak sal word by wyse van gereelde inspeksies deur vakinspekteurs van die beherende departement;
- v. dat met die oog op matrikulasievrystelling en universiteitstoelating 'n slaagpunt op die gevorderde vlak in soveel vakke as wat die Gemeenskaplike Matrikulasieraad vir die gewone skool mag neerlê, ook vir die swaksiende sal geld. Slegs as sy akademiese prestasie dit regverdig, behoort die swaksiende 'n tersiêre studie aan te durf.

8.7 BEROEPSPLASING EN BEROEPSPLASINGSDIENSTE

8.7.1 Bevindinge en evaluering

- i. Daar is bevind dat in die R.S.A. die beroepsplasing van swaksiendes, hoofsaaklik deur die skole vir swaksiendes self, die Nasionale Raad vir Blindes en die Departement van Arbeid behartig word.
- ii. In 'n omgewing soos Worcester wat ver van die Witwatersrandse kompleks met groot indiensenemingsmoontlikhede geleë is, lewer die aangeleentheid groot probleme op, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat daar nie 'n besondere persoon of persone afgesonder kan word om die uitsluitlike beroepsplasing van swaksiendes te behartig nie. In hierdie verband kan daar waardevolle lesse

4. Vgl. hoofstuk 4, par. 4.5.1.

uit die praktyke in die buiteland geput word waar die beroepsplasing van swaksiendes op 'n baie hegte grondslag georganiseer is.

- iii. In Engeland bestaan daar die Youth Employment Service met sy Youth Employment Officers, ook genoem Careers Officers. In België word die beroepsplasing van die swaksiende deur die organisasie van "Licht en Liefde" behartig en in Wes-Duitsland deur die "Arbeitsamt" (Arbeidsburo) met sy "Berufsberaters".
 - iv. In hierdie lande is dit die gebruik dat die verteenwoordigers van die genoemde werkverskaffingsinstansies reeds gedurende die laaste twee jaar van die swaksiende se skoolloopbaan baie noue kontak met hom opbou, voorligting aan die leerling in verband met moontlike beroepe verskaf en op die uitkyk is om in die beroepsbestel vir hom 'n betrekking te vind. Hierdie voorligtings- en werkverskaffingsbeamptes tree as direkte skakel tussen die skool en die werkgewers op.
 - v. 'n Besondere probleem in verband met die beroepsplasing van swaksiendes, wat deur die ondersoek aan die lig gekom het, is dat die Staatsdiens, wat die grootste enkele werkgewer in die R.S.A. is, net soos die openbare arbeidsektor, teen die dienste van die swaksiende diskrimineer. Alvorens swaksiendes tot die permanente diensstaat van die Staatsdiens kan toetree en tot 'n pensioenfonds kan bydra, moet hulle 'n mediese verslag van goeie gesondheid voorlê en hulle visie moet korrigeerbaar wees tot 6/6 Snellen.
- Hierdie anomalie dat die Staat wat die onderwys van die swaksiende vir ongeveer 12 jaar lank finansier, teen 'n bedrag van R1:500-00 per jaar per leerling in die R.S.A., en dan onwil aan die dag lê om hulle in diens te neem, word in lande soos Engeland en Wes-Duitsland oorkom deur dat die Staat aldaar die voorbeeld aan die openbare sektor stel. Hierdie leerlinge word alle moontlike werksgeleenthede gebied waarvoor hulle doeltreffend opgelei is en in sekere gevalle word verpligte werkreservering vir gestremdes deur wetgewing afgedwing.

vi. As gevolg van die onkunde wat daar in die openbare arbeidsektor met betrekking tot die verskynsel van swak-siendheid bestaan en die gevolglike vooroordeel ten aansien van sy dienste en onwil om hom te emplojeer, gebeur dit dat wanneer die swaksiende wel in diens geneem word, hy in die reël benede sy potensiaal in 'n beroep geplaas word. Die gevolg is frustrasie vir die persoon en 'n verkwisting van arbeidspotensiaal.

Een van die wyses waarop hierdie probleem in oorsese lande bekamp word, is om die swaksiende jeugdige gedurende sy laaste twee skooljare op proefplasings, genoem "stages", in beroepe te plaas. Dit dien as 'n beroeps-oriëntering vir die leerling en terselfdertyd stel dit die werkgewer in staat om bekend te raak met die arbeidsmoontlikhede van swaksiendes.

vii. Dit is bevind dat in lande soos Engeland waar die beroepsplasingsdienste op 'n georganiseerde grondslag funksioneer, en daar goeie beroepsmoontlikhede vir die swaksiende bestaan, dit 'n besonder terapeutiese waarde vir die swaksiende het om aan hom 'n duidelike toekomstperspektief te verskaf.

8.7.2 Aanbevelings

Daar word aanbeveel

- i. dat ten minste een maar verkieslik twee permanente beroepsplasingsbeamptes, een man en een dame, met onder meer psigologies-pedagogiese skoling, aangestel word vir die doel om in samewerking met die voorligtings- en sielkundige dienste van die Prinshofskool vir Swaksiendes te Pretoria en die Skool vir Blindes, Worcester, die beroepsplasingsaspek van die swaksiende skoolverlaters aan genoemde skole te behartig.
 - a. Gedurende die laaste twee jaar, maar in die besonder in die laaste skooljaar van die leerling se skoolloopbaan, sal hierdie beamptes 'n noue kontak met die kinders bewerkstellig. Deur middel van persoonlike en groepsonderhoude sal aan hulle voorligting met

- betrekking tot beroepe verskaf word en die arbeidsveld ondersoek word met die oog op plasing van die leerlinge.
- b. Deur middel van die besondere kennis wat hierdie beroepsplasingbeamptes in samewerking met die voorligtingsdiens van die skool van die individuele leerlinge opbou, sal hulle die beste in staat wees om in die beroepsektor die gepaste betrekkings te vind wat in ooreenstemming met die leerlinge se aanleg, vermoëns en belangstelling is en terselfdertyd word die besondere oogkondisies van die leerlinge in aanmerking geneem.
- c. Om sy taak te verrig sal die werkverskaffingsbeampte op hoogte moet wees van die leerlinge se skoolvoordering, skolastiese agtergrond, beroepsgerigte opleiding, sosio-ekonomiese agtergrond, mediese verslag, aanlegtoetsresultate, persoonsbeeld en verstandsvermoë, ten einde te verseker dat 'n leerling sover prakties moontlik volgens sy potensiaal en doeltreffend geplaas word.
- d. Benewens die beroepsvindingstaak wat die beroepsplasingbeamptes sal hê en die voorligtingsdiens wat hulle aan die swaksiende jeugdiges en potensiële werkgewers sal lewer, sal hierdie persone ook 'n belangrike opvolgdiens verrig nadat 'n leerling in diens geplaas is. Deur toesig te hou en as voog op te tree oor die leerling gedurende die eerste jaar of solank as wat nodig mag wees, kan verseker word dat probleme wat aanvanklik in die werksituasie mag ontstaan, vroegtydig opgelos word. Dit dien 'n tweërlei doel deurdat dit die verantwoordelikheid grootliks van die werkgewer se skouers afneem gedurende die beginstadium van indiensneming en tweedens kan die nodige advies aan die swaksiende gedurende hierdie moeilike oriënteringstydperk verskaf word. Desnoods kan die swaksiende vroegtydig aan die werkkring onttrek word, indien nodig, en 'n herplasing bewerkstellig word.
- e. Deurdat hierdie permanente werkverskaffingsbeamptes

vir swaksiendes kennis sal dra van elke skoolverlater se individuele situasie, kan die nodige voorligting aan werkgewers verskaf word, wat dikwels as gevolg van onkunde aangaande die toestand swaksiendheid, onverskillig of bevooroordeeld teenoor die swaksiende se dienste staan. Indien nodig kan die beampptes die nodige voorstelle aan 'n werkgewer maak om 'n klein verandering aan sekere standaard apparaat of masjinerie aan te bring sodat dit doeltreffend deur die swaksiende hanteer kan word;

- ii. dat leerlinge gedurende die laaste twee jaar van hulle skoolloopbaan, soos in Europese skole vir swaksiendes in gebruik is, die geleentheid kry om periodiek vir tydperke van twee weke tot 'n maand in verskeie beroepe geplaas te word met die oog op beroepsoriëntering en verkenning van die arbeidsmilieu asook om werkgewers die geleentheid te gee om bekend te raak met die arbeidspotensiaal van aspirant swaksiende werknemers.
 - a. Deur hierdie wyse van beroepsoriëntering word die jeugdige swaksiende in staat gestel om 'n insig te verwerf en 'n standpunt in te neem teenoor sy toekomstige beroepsituasie. Hierdeur kan hy 'n beroep kies, bewus van die besondere implikasies wat dit inhou en dit uiteindelik beoefen met 'n gesindheid van verantwoordelikheid en selfstandigheid.
 - b. In die tweede instansie kan hierdie praktyk dien om die swaksiende op 'n breë front aan die beroepsektor bekend te stel en die onkunde wat daar oor die aangeleentheid bestaan, sistematies af te breek;
- iii. dat aan swaksiende skoolverlaters die geleentheid gebied moet word om tot die groot verskeidenheid van betrekkings in die Staatsdiens op 'n permanente basis toe te tree in betrekkings waarvoor hulle opgelei is en dat die gesigsbelemmering van die leerlinge by 'n mediese ondersoek of andersins nie as 'n diskwalifiserende faktor beskou sal word om tot die permanente diensstaat en pensioenfonds toe te tree nie.

- a. Die waarde van so 'n navolgenswaardige voorbeeld deur die Staatsdiens aan werkgewers in die privaatsektor kan nie oorskakel word nie.
 - b. Deur die vooruitsig van 'n suksesvolle beroepstoekoms word aan die swaksiende 'n toekomspektief verskaf. In sy arbeidsbeoefening word hy volledig mens;
- iv. dat daar op amptelike vlak die nodige skakeling en onderhandeling met vakunies aangeknoop word met die oog daarop om die beperkings wat daar op die swaksiendes in verband met toetreding tot vakleerlingskappe, opgelê word, uit die weg te ruim. Tans is die situasie dat leerlinge uit 'n skool vir swaksiendes nie toegelaat word om as ambagsmanne te registreer nie;
- v. dat daar verdere navorsing geloods word om ondersoek in te stel en 'n analise te maak van welke klerklike, professionele, tegniese en handvaardigheidsberoep vir die swaksiende toeganklik is in die R.S.A. en welke spesifieke beroep, in besonder in die Staatsdiens, met aanpassings en/of hulpmiddels veilige loopbane vir swaksiendes kan bied.

8.8 ONDERWYSFASILITEITE VIR SWAKSIENDES

8.8.1 Bevinding en evaluering

Dit het uit die ondersoek geblyk dat as die klein vooromssyfer van swaksiendheid in die R.S.A., asook in oorsese lande, in aanmerking geneem word, dan word die verskaffing van gespesialiseerde en gedifferensieerde onderwysdienste, veral vir beroepsopleiding, vir hierdie klein bevolkingsgroep 'n duur belegging.

Vanuit 'n beginselstandpunt kan en mag hierdie onderwysgeriewe nie van die swaksiende weerhou word nie. As gelykberegtigde en gelykwaardige mens maak hy aanspraak op dieselfde onderwysgeleentheid as sy siende eweknie.

Gesien in die lig van die besondere hoë onkoste wat daar reeds vir die huidige aan die algemene akademiese onderwys van swaksiendes bestee word, sou dit sinvol wees om die mees

doeltreffende onderwysgeriewe, in besonder vir beroepsgerigte onderwys, te skep sodat hierdie leerlinge, na voltooiing van hulle opleiding en opname in die beroepsektor, ook 'n positiewe bydrae tot die volkshuishouding kan maak deur selfstandige en produktiewe beroepsbeoefening.

8.8.2 Aanbevelings

Daar word aanbeveel

- i. dat die nodige geboue, werkwinkelfasiliteite en opleidingsgeriewe met moderne meganiese en ander noodsaaklike toerusting tot die beskikking van die skole vir swaksiendes gestel word vir handels-, tegniese en beroepsonderwys sodat die skole vir swaksiendes tot komprehensiewe skole uitgebou word waar die tegniese en beroepsafdelings in besonder, subskole sal vorm en die leerlinge vir noodsaaklike vormende vakke en bedrywigheede by die "moeder-skole" sal inskakel;
- ii. dat wanneer dit prakties nie moontlik is om die opleidingsgeriewe aan 'n skool vir swaksiendes te skep nie en die opleidingsgeriewe wel aan 'n naburige skool bestaan, die moontlikheid ondersoek word dat swaksiende leerlinge op gesette tye na sodanige skole begelei word deur onderwysers of instrukteurs van die skool vir swaksiendes, ten einde die nodige onderrig te ontvang;
- iii. dat skole vir swaksiendes van alle moontlike onderwys-hulpmiddels soos projektors, bandopnemers, platespelers, toekringtelevisie of watter uitrusting ookal nodig mag wees vir doeltreffende onderwys aan swaksiendes, ruimskoots voorsien word.

8.9 VOORLIGTING

8.9.1 Bevindinge en evaluering

Uit die studie het dit duidelik geword dat die voorligtingsdiens, ook genoem sielkundige diens, aan skole vir swak-siendes in die R.S.A. 'n besondere taak vervul teenoor die leerlinge, die onderwysers en die ouers. Hierdie diens bestaan onder andere uit toetsing, kliniese diagnose en terapie, voorligting, werkplasing, nasorg, heelkundige onderwys, nahou van rekords, begeleiding van leerlinge en samesprekings met die personeel.

Veral in die R.S.A. lê die pligte van die voorligter hoofsaaklik op die gebied van die psigologiese en terapeutiese vlak en die voorligters is hoofsaaklik psigologies geskool.

8.9.2 Aanbevelings

Daar word aanbeveel

- i. dat die bestaande voorligtingsdiens in die skole vir swak-siendes ondersoek word ten einde te verseker dat die voorligtingsdiens betrek en geïntegreer word om die leerlinge in besonder by te staan en voor te lig ten aansien van beroepe, vakkeuses en kursuskeuses gedurende die voorgestelde brugtydperk in standerds 5 en 6 wanneer leerlinge hulle moet oriënteer ten aansien van die gedifferensieerde beroepsgerigte studierigtings in die sekondêre afdeling;
- ii. dat daar 'n noue skakeling tussen die voorligtingsafdeling van die skool en die voorgestelde beroepsplasing-beamptes sal bestaan;
- iii. dat dit die taak van die skoolsielkundiges en voorligtingsdiens sal wees om die beroepsplasing-beamptes van al die nodige agtergrondinligting aangaande voornemende skoolverlaters te voorsien met betrekking tot aangeleenthede soos intelligensie, belangstelling, aanleg, persoonbeeld, skolastiese prestasie, oogkondisie, sosio-ekonomiese agtergrond en so meer;
- iv. dat benewens sielkundige werk wat op die skoolvoorligterse terrein val en die voorligting wat hy verskaf

betreffende vak- en kursuskeuse hierbo uiteengesit, die voorligter, in medewerking met die beroepsplatingsbeamp- te, 'n georiënteerdheid by die jeugdige swaksiende sal bewerkstellig ten aansien van beroepsaangeleenthede en die jeugdige sal inlig ten aansien van die eise en vereis- tes van verskillende beroepe en hom uiteindelik sal lei tot 'n suksesvolle beroepskeuse.

8.10 INTEGRASIE VAN SWAKSIENDE JEUGDIGES TERUG NA DIE GEWONE SKOOL EN DIE MAATSKAPPY

8.10.1 Bevindinge en evaluering

- i. Daar is gedurende hierdie ondersoek herhaaldelik beves- tiging gevind vir die standpunt dat die swaksiende tot die wêreld van die siende mens behoort en dat hy uitein- delik vir hom 'n plek in die siende maatskappy moet vind. In al die oorsese lande wat in die ondersoek betrek is, is die gebruik om die swaksiende in die gewone skool te integreer sodra hy daartoe in staat is. P.S.N. Oost, direkteur van die Alexander Stichting in Nederland, stel dit onomwonde: "De zwaksiende is een ziende, die tot een zodanige prestatie gebracht moet worden, dat hij in het maatschappelijk verkeer kan meekomen";⁵
- ii. Die bevinding was sonder uitsondering dat die swaksiende leerling in die senior sekondêre ondêrwys aan gewone skole geïntegreer word. Die ondêrwys vir swaksiendes in afsonderlike skole in die buiteland strek hoogstens sover as ongeveer die ekwivalente standerd 8-peil van die R.S.A. Alle hoër of voortgesette beroeps-, vak- en akademiese ondêrwys word aan die skole vir gewone onder- wys gevolg. Daar word aangevoer dat die swaksiende op die stadium wat hy moet oorskakel na die genoemde tipes van ondêrwys, reeds genoeg ondervinding aan die skool vir swaksiendes gehad het om werk- en studiemetodes te kon ontwerp het om met sy gesigsgebrek in staat te wees om die gewone ondêrwys te volg. Psigologies is hy reeds

beter in staat om sy gebrek te verwerk en het hy reeds die skolastiese agterstand wat daar moontlik mag bestaan het, ingehaal;

- iii. Gedurende die ondersoek aan Suid-Afrikaanse skole vir swaksiendes is dit bevind dat die aangeleentheid van integrasie van die swaksiende in die maatskappy en opname in die gewone skool, sowel as toelating tot die universiteit, besondere probleme oplewer.

Veral die toelating terug na 'n gewone skool en oriëntering ten aansien van die universiteitsmilieu kon nog nie altyd suksesvol toegepas word nie.

8.10.2 Aanbevelings

Daar word aanbeveel

- i. dat die aangeleentheid van integrasie van die swaksiende leerling terug na die gewone onderwys, op 'n stadium wanneer die leerling daartoe gereed is volgens sy individuele omstandighede, byvoorbeeld wanneer die skolastiese agterstand ingehaal is, maar veral vir die senior sekondêre onderwysperiode op akademiese vlak, in die praktyk ondersoek word deur verdere navorsing. Die swaksiende moet uiteindelik nie slegs in die arbeidsituasie saam met die siende verkeer nie, maar moet ook op maatskaplike gebied integreer. Ten einde 'n "skokvrye" rehabilitasie te bewerkstellig, behoort die swaksiende nie langer aan die skool vir swaksiendes gehou te word as wat absoluut noodsaaklik is nie. Ten spyte van alle verdienstelike pogings wat deur die skool vir swaksiendes aangewend mag word om die sosialisering van die leerlinge met die "buitewêreld" te bevorder, bly die skool vir swaksiendes nog grootliks 'n geïsoleerde en beskermde milieu vir die swaksiende;
- ii. dat aan leerlinge wat tans aan die skole vir swaksiendes is en van wie die oogkondisie van so 'n aard is dat dit met gespesialiseerde en duur optiese apparaat, wat nie deur die leerlinge bekostig kan word nie, gekorrigeer kan word, sodat hulle moontlik die gewone onderwys kan volg, op aanbeveling van die skool 'n staatsubsidie vir

hierdie doel ontvang, afgesien daarvan of die ouers be= hoeftig is, al dan nie. Leerlinge wat dan ten opsigte van gekorrigeerde oogkondisies kwalifiseer, moet weer in die gewone onderwys geïntegreer word.

8.11 MULTIGESTREMDES AAN SKOLE VIR SWAKSIENDES

8.11.1 Bevindinge en evaluering

- i. Tydens hierdie ondersoek is dit bevind dat dit in die R.S.A. dikwels nodig is om serebraal-verlamde, blinde of swaksiende kinders toelating tot 'n skool vir swaksiendes te weier en dat daar 'n toename van dubbelgestremdes aan skole vir swaksiendes is. Swaksiende leerlinge met addisionele gestremdhede soos serebrale verlamming en doofheid, kom nie so veelvuldig voor as swaksiende leer= linge wat verstandelik vertraag is nie;
- ii. Daar is bevind dat dubbelgestremde kinders aan 'n skool vir swaksiendes diverse probleme skep. Die kinders moet dikwels toelating geweier word omdat die skool nie oor die terapeutiese diens vir hulle beskik nie. Die skool is fisies nie so ontwerp dat 'n leerling byvoorbeeld in 'n rystoel heen en weer en op en af met trappe vervoer kan word nie. Fasiliteite in die koshuis, waar die op= voeding voortgesit word, bestaan ook nie vir die leer= linge nie;
- iii. Personeelvoorsiening aan die skole vir swaksiendes is nie vir dubbel- of meervoudige gestremde onderwys ingestel nie. Didakties is daar groot verskille in die onderwys van die verskillende kategorieë van gestremdheid en een onderwyser het nie die gespesialiseerde opleiding in al die vertakkinge van die buitengewone onderwys nie. In die klassituasie kan daar ook nie gelyktydig na die onder= wysbehoefte van meervoudiggestremdes en die swaksiendes omgesien word nie;
- iv. Aan die skool te Worcester, lewer die relatiewe hoë per= sentasie verstandelik vertraagde swaksiendes groot onder= wyskundige en organisatoriese probleme op. Hierdie leerlinge word na die hulpklasse vir blindes, waarvan daar reeds drie bestaan, gekanaliseer. Hier ontvang die verstandelik vertraagde swaksiendes dan onderwys saam met

die verstandelik vertraagde blindes. Didakties hoort die twee groepe nie in een klas saam nie, weens die verskillende onderwysmedia, visie en braille, wat aangewend word. In die praktyk is dit bevind dat die blinde verstandelik vertraagdes se verstandspeil in hierdie klasse so laag is, dat leerlinge wat eintlik in 'n hulpklas vir swaksiendes tuishoort, uit hierdie klasse teruggehou word in die gewone klas omdat daar nie 'n spesiale hulpklas net vir swaksiendes bestaan nie.

8.11.2 Aanbevelings

Daar word aanbeveel

- i. dat as gevolg van die groot toename in die getal swaksienende leerlinge wat verstandelik vertraag is, daar vir hierdie leerlinge in afsonderlike skole gedifferensieer word, waar die klem hoofsaaklik op die versorgingsaspek val omdat die multigestremdes die organisasie van die skool vir swaksiendes ontwrig. Die multigestremdes kom self nie tot hulle reg in die klassituasie nie en het 'n remmende invloed op die verloop van die didaktiese situasie vir die ander leerlinge wat dikwels deur hulle gewoontes ontstig word;
- ii. dat in die toekoms wanneer daar moontlik op hulpklasse vir swaksiendes besluit word, hierdie klasse nie gemeenskaplik vir swaksiendes en blindes sal wees nie, omdat hierdie twee kategorieë van die buitengewone onderwys deur middel van verskillende media onderwys ontvang;
- iii. dat die donnormale swaksienende wat reeds vroeg in sy skoolloopbaan akademies nie kan vorder nie, in een van die praktiese studierigtings soos in paragrafe 8.5.3. (v)(d) en (e) voorgestel, gekanaliseer word. In hierdie studierigting sal die leerlinge benewens die vormende kurrikulum, onderrig in Lees, Skryf en Rekene ontvang met die klem op verdere praktiese beroepskoling.

8.12 PERSONEELAANGELEENTHEDE

8.12.1 Bevindinge en evaluering

8.12.1.1 Personeelvoorsiening

- i. Uit die ondersoek was dit duidelik dat in die R.S.A. die personeelvoorsieningskaal vir sekere vlakke van die onderwys vir swaksiendes nie voldoende is nie.
- ii. In die primêre afdeling van standerd 2 tot standerd 5 is die onderwyserstoekenning voldoende omdat vir die eerste 30 leerlinge daar reeds 4 onderwysers toegestaan word. Op die vlakke van die aanvangsonderwys (kleuterafdeling, graad i en graad ii) is die personeelvoorsiening onvoldoende omdat die onderwys op hierdie vlakke hoofsaaklik van 'n individuele aard is.
- iii. Wanneer die sekondêre afdeling uit minder as 100 leerlinge bestaan is die huidige onderwysersvoorsiening ook nie voldoende nie, omdat in die groeistadium van 'n skool al die basiese vakke vir eksamendoeleindes aangebied word terwyl die onderwyserskwota op die leerlingtal en nie op die aangebode vakke berus nie.
- iv. Uit die oorsig van die oorsese onderwyspraktyke het dit geblyk dat in die sekondêre afdeling wat deurgaans vanaf die 12de tot ongeveer die 16de of 17de lewensjaar beskou word, die onderwyser-leerlingkwota veel gunstiger is as hier te lande. In België is hierdie syfer 1:6, Nederland 1:7 en in Wes-Duitsland is dit 1:5. In die praktyk in Hamburg word die aantal onderwysers bepaal deur die aantal leerlingperiodes.
- v. Wat die primêre afdeling betref is dit bevind dat die oorsese beeld redelike ooreenstemming met die praktyk in die R.S.A. vertoon. In Duisburg, Wes-Duitsland, is die betekenisvolle praktyk teengekom dat die aantal onderwysers bereken word volgens die aantal klasse in 'n skool en dat dit in die praktyk gebeur dat as klasse saamgevoeg word, daar twee onderwysers per klas kan wees. Benewens die ruim personeeltoekenning in Wes-Duitsland, het die skole vir swaksiendes ook die voordeel van die dienste

- van studentonderwysers in die buitengewone onderwys wat hulle praktikums, wat 18 maande duur, aan die skole aflê.
- vi. In België is die praktyk teengekom dat al die skole vir swaksiendes oor die voltydse diens van 'n ortopedagoog en logopedis beskik. Die ortopedagoog hou hom hoofsaaklik besig met spesiale ortodidaktiese hulp, indiwi= dueel of in groepe, aan kinders wat skolastiese probleme om een of ander rede ondervind, asook om voorligting aan onderwysers te verskaf in verband met die ortodidaktiese program van die skool.
- vii. Gedurende onderhoude met skoolhoofde het dit aan die lig gekom dat beheerpersoneel aan die skole vir swaksiendes dikwels met 'n oorwig van administratiewe werk belas is, wat moeilik aan bestaande personeel gedelegeer kan word. As gevolg hiervan kry die prinsipale nie die tyd om in klaskamers te kom om sodoende die noue band met die personeel en kinders te handhaaf nie.
- viii. Dit was in oorsese lande bevind dat administratiewe werk van 'n finansiële aard aan 'n senior administratiewe be= ampte, wat as 'n "burser" (tesourier) bekend staan, op= gedra word, ten einde die beheerpersoneel meer geleent= heid te gee om aandag aan opvoedkundige aangeleenthede van die skool te bestee.

8.12.1.2 Onderwysersopleiding

- i. Die opleidingsprogram vir onderwysers in skole vir swak= siendes in die R.S.A. volg in breë trekke dieselfde patroon as in oorsese lande. Onderwysers tree in die reël tot die buitengewone onderwys toe met die gewone onderwyserskwalifikasies en daarna geskied daar nie= verpligte byskoling op 'n deeltydse basis vir 'n verdere jaar of twee.
- ii. Dit het uit die ondersoek duidelik geword dat die spesia= le professionele skoling en addisionele kwalifikasies van onderwysers in die onderwys van swaksiendes vir jare geen besondere oorweging in sowel die R.S.A. as die buiteland geniet het nie, ofskoon daar in die jongste tyd besondere prominensie aan hierdie faset van die buiten=

gewone onderwys verleen word, soos die instelling van spesiale onderwysdiplomas in buitengewone onderwys aan enkele Suid-Afrikaanse universiteite en ofskoon onderwysers aangemoedig word om hierdie kursusse te volg, word onderwysers in die R.S.A., asook in oorsese lande, met die uitsondering van Wes-Duitsland, nog in die onderwys van swaksiendes met gewone onderwyskwalifikasies aangestel.

In Wes-Duitsland hou die hoogstaande kwaliteit van die onderwys aan swaksiendes waarskynlik daarmee verband dat 'n onderwyser in die buitengewone onderwys nie permanent aangestel word, alvorens hy addisionele skoling op 'n hoogstaande vlak voltooi het en 'n proef tydperk wat van $1\frac{1}{2}$ - 2 jaar duur aan 'n skool vir buitengewone onderwys voltooi het.

- iii. 'n Buitengewone anomalie in die opleiding en aanstelling van manlike onderwyser-sielkundiges, het uit die ondersoek aan die lig gekom. 'n Manlike persoon kan as onderwyser-sielkundige aangestel word met 'n meestersgraad in Sielkunde sonder enige verdere opvoedkundige kwalifikasies. In die uitvoering van sy werk is die onderwyser-sielkundige ten nouste gemoeid met pedagogiese en didaktiese aangeleenthede. Beide in sy voorligting aan kinders en onderwysers word hy in die ortodidaktiese program van die skool betrek. Sonder enige skoling in die opvoedkunde is dit moeilik om die onderwyser-sielkundige in die bogenoemde rol voor te stel.

8.12.2 Aanbevelings

Daar word aanbeveel

1. dat die onderwyservoorsieningskaal vir skole vir swaksiendes in hersiening geneem word, veral met die oog op die individuele onderrig wat in die laer primêre afdeling noodsaaklik is as gevolg van die groot individuele verskille tussen leerlinge met betrekking tot gesigskerpte, gesigsreste en oogkondisies. Die groter aantal vakke in die voorgestelde gedifferensieerde studierigtings op

sekondêre vlak, in besonder in die tegniese en beroepsafdelings, sal ook meebring dat 'n ruimer personeelvoorsiening noodsaaklik sal wees;

- ii. dat daar oorweging aan geskenk word om die dienste van 'n spesiaal opgeleide ortopedagoog op 'n permanente basis tot die skole vir swaksiendes se beskikking te stel, om in samewerking met die onderwyser-sielkundiges die ortopedagogiese programme in die skole vir swaksiendes te lei en in 'n adviserende hoedanigheid op te tree wanneer ortopedagogiese norme of kriteria ter sprake kom by die toelating van leerlinge tot die skool vir swaksiendes. Omdat die skool vir swaksiendes self die mees sinvolle plek is vir praktiese navorsing betreffende die onderwys van swaksiendes deur onderwysers, onderwyser-sielkundiges en voorligters, kan die ortopedagoog op hierdie gebied 'n waardevolle koördinerende diens verrig;
- iii. dat daar by die skole vir swaksiendes 'n senior administratiewe pos op die vlak van vise-prinsipaal ingestel word met die oog daarop om die administratiewe las op die beheerpersoneel te verlig;
- iv. dat daar by skole vir swaksiendes 'n pos van tegnikus of tegniese assistent ingestel word. Die taak van hierdie tegniese assistent sal hoofsaaklik wees om die nodige onderwysapparaat wat in die aanbieding van die onderwys aangewend word, te ontwerp, op te stel, voorligting en demonstrasie daaromtrent te doen en die nodige instandhouding van die apparaat op hom te neem. Hier word veral aan die instandhouding van uitrustings soos televisieapparaat, projektors, bandmasjiene en so meer gedink, wat besondere tegniese kennis vereis;
- v. dat die onderwyser-sielkundige benewens enige kwalifikasie wat hy in die psigologie mag besit, ook die nodige addisionele pedagogiese skoling sal hê. By gebrek aan akademiese kwalifikasie in die opvoedkunde behoort sodanige personeellid ten minste drie jaar praktiese onderwyservaring te hê. Deur hierdie pedagogiese skoling

kan daar verseker word dat die onderwyser-sielkundige in die opvoedende bemoeienis die swaksiende kind te alle tye in ortopedagogiese perspektief sal sien;

- vi. dat die instansies wat die opleidingsgeleentheid vir onderwysers in die buitengewone onderwys in die R.S.A. aanbied, met die oog op verbetering van die opleidingsprogram kwalitatief en kwantitatief, ondersoek sal instel na die programme wat in die verband deur die Universiteit van Birmingham in Engeland en die Wes-Duitse universiteite aangebied word.

8.13 SLOT EN SAMEVATTING

Die oogmerke met die voorafgaande aanbevelings is om die breë organisatoriese en onderwyskundige riglyne van 'n didakties-pedagogies verantwoorde onderwysstelsel vir die swaksiende leerlinge in die Republiek van Suid-Afrika aan te dui, wat aan die volgende vereistes sal voldoen:

- 8.13.1 doeltreffende gedifferensieerde beroepsgerigte onderwys vir die swaksiende met die oog op sy uiteindelijke opname in die maatskappy en suksesvolle beroepsbeoefening;
- 8.13.2 kennisname in die onderwys van die antropologiese verskynsel van individuele verskille tussen mense, in besonder betreffende aangeleentheid soos aanleg, belangstelling en vermoëns en die verskeidenheid van oogkondisies en hulle gevolge vir die onderwys en opvoeding van die swaksiende;
- 8.13.3 kennisname van die gelykwaardigheid en menswaardigheid van die swaksiende kind wat nieteenstaande sy gestremdheid en andersheid op sy eie besondere manier vir hom 'n leefwêreld konstitueer;
- 8.13.4 om die horison van die wêreld van die swaksiende kind te verruim deur aan hom 'n toekomspektief en beroepspektief te verskaf deur middel van sinvolle beroepsoriëntering en beroepsvoorbereiding;

8.13.5 om aan die swaksiende kind vastigheid en geborgenheid te bied - om hom te help om self "iemand" te word, om die wêreld van die siende volwassene te betree, deeglik toegerus om sy beskeie, maar betekenisvolle bydrae tot die welvaart van die maatskappy te maak.

Ten einde tot die voorafgaande gevolgtrekkings en aanbevelings betreffende die onderwys van swaksiendes te kom, is daar in die voorafgaande hoofstukke 'n wye ondersoek ingestel na die problematiek van die verskynsel van swaksiendheid en die psigologiese implikasies daarvan vir die kind.

Daar is vervolgens 'n ondersoek ingestel na die onderwyspraktik vir swaksiendes in die R.S.A. met 'n besondere toeligting van sowel die probleme as die leentes wat daar in hierdie kategorie van die onderwys met betrekking tot differensiasie bestaan.

Na 'n evaluering van die status quo van die onderwys aan swaksiendes ten aansien van aangeleenthede soos die inhoud van die onderwys, besondere dienste in die onderwys, te wete, voorligtingsdienste, mediese en paramediese dienste, en so meer, praktyke om swaksiendes te identifiseer vir toelating tot skole vir swaksiendes, integrasie van swaksiendes in die gewone skool, onderwysersopleidingsprogramme, beroepsopleiding en beroepsplasing van swaksiendes, nasorg en herplasing, pogings tot differensiasie in die onderwys, is daar met die oog op die moontlikheid om positiewe lesse te leer, ondersoek ingestel na die onderwyspraktik vir swaksiendes in Engeland, Nederland, België, Wes-Duitsland, Oostenryk en die Verenigde State van Amerika.

Daar word geen aanspraak op gemaak dat die oorsese onderwyspraktyke sonder meer op eie bodem toegepas of nageboots kan word nie, of dat die laaste woord oor differensiasie in die onderwys van swaksiendes hiermee gespreek is nie.

Met inagneming egter van die eie Suid-Afrikaanse volksaard, kulturele, maatskaplike en ekonomiese struktuur, kan die ervaring wat in die betrokke lande op die besondere gebied van die buitengewone onderwys opgedoen is, en onder meer ook in die aanbevole stelsel van onderwys opgesluit lê, vrugbaar op eie bodem benut word.